**Klaagliedere**

Klaagliedere is ‘n interessante boek,
elke vers begin met ‘n letter van die alfabet.
In sy middel moet jy die boodskap soek:
Dis net God wat uit die nood kan red!

Klaagliedere 1

| | | |
|---|---|---|
| א Alef (silent) | A | Ag, hoe verlate lê die stad so leeg. |
| בּ Bet (B/V) | B | Bondgenote het teen haar verraad gepleeg,. |
| ג Gimel (G) | G | Gewelddadig as slawe vasgekeer. |
| ד Dalet (D) | D | Die paaie na Sion toe treur. |
| ה He (H) | H | Here, U het haar laat ly in pyn, |
| ו Vav (V) | Wau W | weg het die prag van Sion verdwyn! |
| ז Zayin (Z) | Z [U] | U het ellende op haar gelaai, |
| ח Chet (Ch) | Get [E] | eer het na veragting gedraai. |
| ט Tet (T) | T | Tot haar klere wys die vuil, |
| י Yod (Y) | Jod [J] | julle moet oor die tempel huil. |
| כּ Kaf (K/Kh) | K | Kyk tog Here, ek word verag… |
| ל Lamed (L) | L | Let op die Here se toorn vandag! |

| | | |
|---|---|---|
| מ Mem (M) | M | My liggaam word verteer deur vuur, |
| נ Nun (N) | N | nekke moet die swaar juk verduur. |
| ס Samech (S) | S | Slagting onder jong manne aangerig. |
| ע Ayin (silent) | [O] | O, daar is geen troos na die berig. |
| פ Peh (P/F) | P | Prostituut, stad so onrein, na die graf- |
| צ Tsadeh (Ts) | Sade [Y] | ysterkettings was Sy regverdige straf. |
| ק Qof (Q) | Kof K | Kinders het verniet om hulp gewaai, |
| ר Resh (R) | R | roekeloos het die swaard gemaai. |
| ש Shin (Sh/S) | S | Sal die dag kom dat U hulle straf, |
| ת Tav (T) | T | tot U hulle stuur na die graf? |

Klaagliedere 2

| | | |
|---|---|---|
| א Alef (silent) | A | Ag, hoe het die Here in sy toorn verklaar. |
| בּ Bet (B/V) | B | Betaal: Die Here se genade was klaar. |
| ג Gimel (G) | G | Gloeiende toorn verteer soos vuur. |
| ד Dalet (D) | D | die vyand het sy boog gespan vir die uur. |
| ה He (H) | H | Here, U het ellende oor Juda gebring. |
| ו Vav (V) | Wau W | Woning, ja die tempel, verdring. |
| ז Zayin (Z) | Z [U] | U het U altaar afgebreek en verwerp, |
| ח Chet (Ch) | Get [E] | Eens muur van beskerming, nou omvêr gewerp… |
| ט Tet (T) | T | Toegesluit is Sion se poorte van die bang, |
| י Yod (Y) | Jod [J] | jong vroue en leiers se koppe hang. |
| כּ Kaf (K/Kh) | K | Kinders en babas sak inmekaar, |
| ל Lamed (L) | L | laaste asems in ma se arms daar. |
| מ Mem (M) | M | Maar wie kan jou genees? |
| נ Nun (N) | N | Nie die profeet was so vals voorlees. |

| | | |
|---|---|---|
| ס Samech (S) | S | Slaan hulle hande saam oor jou: |
| ע Ayin (silent) | [O] | Ons het hom verslind word gejou! |
| פ Peh (P/F) | P | Per belofte bring die straf jul om, |
| צ Tsadeh (Ts) | Sade [Y] | ywer in jou hulp geroep na Hom. |
| ק Qof (Q) | Kof K | Kyk tog Here, ma’s eet kinders vir krag! |
| ר Resh (R) | R | Roep na Hom regdeur die nag. |
| ש Shin (Sh/S) | S | Slagting van jonges en oues in die straat, |
| ת Tav (T) | T | toorn van die Here het ons nie verlaat! |

Klaagliedere 3

<table>
<tr><td>א<br>Alef<br>(silent)</td><td>A</td><td colspan="2">Ag, ek het ellende belewe,<br>in die donker, sonder lig, gebewe.<br>Hy stoot my weg, vergewe?</td></tr>
<tr><td>בּ<br>Bet<br>(B/V)</td><td>B</td><td colspan="2">Bene gebreek, pyn verduur,<br>met ontbering en gif ommuur:<br>Hierdie is die donkerste uur.</td></tr>
<tr><td>ג<br>Gimel<br>(G)</td><td>G</td><td colspan="2">Geboei met kettings, so vas.<br>Hy hoor nie, al bid ek en vas.<br>Geen uitkomplek, ek dra die las.</td></tr>
<tr><td>ד<br>Dalet<br>(D)</td><td>D</td><td colspan="2">Die Heer is soo ‘n leeu wat my voorlê,<br>Hy het my verskeur, my vermink laat lê.<br>Met Sy boog wil hy my as teiken hê!</td></tr>
<tr><td>ה<br>He<br>(H)</td><td>H</td><td colspan="2">Hy het sy pyle diep in my ingeskiet.<br>Ek word uitgelag oor my verdriet.<br>Die lewe is bitter, alles verniet.</td></tr>
<tr><td>ו<br>Vav<br>(V)</td><td>Wau<br>W</td><td colspan="2">Weggeneem is al my rus,<br>vertrap: Ek kan nie berus!<br>Vir hoop is ek nie meer lus…</td></tr>
<tr><td>ז<br>Zayin<br>(Z)</td><td>Z<br>[U]</td><td colspan="2">Uitgemergel soos gal en gif, is my gedagtelas<br>as ek daaroor nadink, draai my gedagtes vas.<br><u>Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop:</u></td></tr>
<tr><td>ח<br>Chet<br>(Ch)</td><td>Get<br>[E]</td><td rowspan="7">Die kern van hierdie boek, moet jy in die middel soek…</td><td>Ek bely: Deur die liefde van die Here kom ons nie om,<br>Sy liefde is elke môre nuut. U trou: groot is die som!<br>Ek sê: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.</td></tr>
<tr><td>ט<br>Tet<br>(T)</td><td>T</td><td>Tog, die Here is goed vir die mens wat na sy wil vra,<br>dit is goed om geduldig te wag op die hulp, sonder kla,<br>dit is goed vir 'n mens om sy las in sy jeug te dra.</td></tr>
<tr><td>י<br>Yod<br>(Y)</td><td>Jod<br>[J]</td><td>Jy moet in eensaamheid geduldig bly,<br>diep verootmoedig – miskien kom jy vry!<br>Draai jou ander wang om nog ‘n klap te kry…</td></tr>
<tr><td>כּ<br>Kaf<br>(K/Kh)</td><td>K</td><td>Kyk, die Here sal nie vir altyd verstoot en verdring,<br>as Hy straf, sal Sy liefde weer na buite kring:<br>dit is teen Sy sin dat Hy mense in ellende bring.</td></tr>
<tr><td>ל<br>Lamed<br>(L)</td><td>L</td><td>Land se gevangenes almal mishandel.<br>Die reg vertrap en mense verhandel.<br>Die Allerhoogste sien en sal wel handel!</td></tr>
<tr><td>מ<br>Mem<br>(M)</td><td>M</td><td>Maar wie kan iets beplan, en dit gebeur?<br>Kwaad en goed – die Allerhoogste beheer.<br>Wat kla 'n mens oor sy lewe? Eerder bekeer!</td></tr>
<tr><td>נ<br>Nun<br>(N)</td><td>N</td><td>Nee, laat ons, ons doen en late deeglik ondersoek<br>laat ons met ons hele hart en hande na God soek:<br>“Ons het sonde gedoen wat verkeerd is in U Boek!”</td></tr>
<tr><td>ס<br>Samech<br>(S)</td><td>S</td><td colspan="2">Slagting deur U toorn se dolke.<br>Geen gebed kom deur die wolke<br>Ons is die skuim onder die volke.</td></tr>
</table>

| | | |
|---|---|---|
| ע<br>Ayin<br>(silent) | [O] | Oor ons rek die vyande laggend hulle mond.<br>Angs en benoudheid, verlate en ongesond,<br>die trane loop oor die volk van die  verbond. |
| פ<br>Peh<br>(P/F) | P | Pynvol sal my trane net aanhou vloei,<br>totdat die Here uit die hemel Hom bemoei.<br>Ek is hartseer oor die stad se dogters wat bloei… |
| צ<br>Tsadeh<br>(Ts) | Sade<br>[Y] | Ywerig jag mense my soos prooi,<br>hulle het my in 'n put gegooi ,<br>die water het om my kop geplooi. |
| ק<br>Qof<br>(Q) | Kof<br>K | Kreet uit die dieptes deur vrees gedrang:<br>U het gehoor dat ek uitkoms verlang.<br>*U het geantwoord: Wees nie bang!* |
| ר<br>Resh<br>(R) | R | Red my lewe, Hy verdedig my saak.<br>Sien die onreg, lewer tog uitspraak.<br>U sien hoe hulle teen my planne maak. |
| שׁ<br>Shin<br>(Sh/S) | S | Self hoor U hoe hulle beledigings laat,<br>hoe hulle heeldag oor my spot en praat.<br>Hulle sing hulle spotliedjies by hul daad. |
| ת<br>Tav<br>(T) | T | Tref hulle, Here, vir hierdie beleg.<br>Straf hulle met u vloek, so sleg.<br>Verdelg hulle, onder U hemel uit weg! |

Klaagliedere 4

| | | |
|---|---|---|
| א Alef (silent) | A | Ag, hoe nutteloos die edelstene op die strate se kant. |
| בּ Bet (B/V) | B | Beskou inwoners nou as erdepotte in bakker se hand |
| ג Gimel (G) | G | Gee, jakkals, vir jou kleintjie die speen |
| ד Dalet (D) | D | Die kindertjies smeek om brood alleen |
| ה He (H) | H | Hulle wat vroeër ryk geëet het, kom nou van honger om |
| ו Vav (V) | Wau W | Werklik, die sonde van my volk was groter as dié van Sodom |
| ז Zayin (Z) | Z [U] | Uitermate mooi was jou leiers, so blakend gesond |
| ח Chet (Ch) | Get [E] | Egter nou swarter as roet, uitgedroog en gewond |
| ט Tet (T) | T | Tog beter om met swaard te sterf en so van honger verlos - |
| י Yod (Y) | Jod [J] | Jou eens liefdevolle moeders het hulle kinders gekook vir kos! |
| כּ Kaf (K/Kh) | K | Keer kon jy nie – Sy toorn en gramskap was ongenaakbaar |
| ל Lamed (L) | L | Leiers het geglo Jerusalem se poorte was ondeurdringbaar |
| מ Mem (M) | M | Maar profete en priesters moes vir hulle sonde boet |
| נ Nun (N) | N | Nou het hulle in die strate gestrompel, bevlek met bloed |

| | | |
|---|---|---|
| ס<br>Samech<br>(S) | S | Skreeu: “Gee pad! Julle, die leiers, is onrein! |
| ע<br>Ayin<br>(silent) | [O] | O, die Here self het hulle verstrooi in pyn |
| פ<br>Peh<br>(P/F) | P | Probeer van die wagtoring hulp sien kom. |
| צ<br>Tsadeh<br>(Ts) | Sade<br>[Y] | Yl is die hoop, die einde is hier, ons tyd is om! |
| ק<br>Qof<br>(Q) | Kof<br>K | Kyk die agtervolgers was vinniger as arende in die lug |
| ר<br>Resh<br>(R) | R | Red? Nee, selfs ons eie koning, die gesalfde, kon net sug. |
| ש<br>Shin<br>(Sh/S) | S | Selfs jy, Edom, vir jou kom daar ook ‘n oordeelsuur… |
| ת<br>Tav<br>(T) | T | Tog, die Here sal die ballingskap nie vir ewig laat duur! |

Klaagliedere 5

| | | |
|---|---|---|
| א<br>Alef<br>(silent) | A | Ag, slaan tog ag, kyk hoe laag moes ons daal: |
| בּ<br>Bet<br>(B/V) | B | Besittings is gevat en aan vreemdes gegee. |
| ג<br>Gimel<br>(G) | G | Geen vaders, ons is weeskinders en weduwee. |
| ד<br>Dalet<br>(D) | D | Drinkwater en eie hout moet ons voor betaal. |
| ה<br>He<br>(H) | H | Heersers dryf ons, ons is uitgeput en kla. |
| ו<br>Vav<br>(V) | Wau<br>W | Water en kos by Egipte en Assirië gevra… |
| ז<br>Zayin<br>(Z) | Z<br>[U] | U straf vir voorvaders se sonde, hulle nie daar. |
| ח<br>Chet<br>(Ch) | Get<br>[E] | Eers ondergeskik, nou as heersers oor ons verklaar. |
| ט<br>Tet<br>(T) | T | Ten spyte van lewensgevaar moet ons kos bly soek. |
| י<br>Yod<br>(Y) | Jod<br>[J] | Jong velle verskrompel soos in ‘n oond se hoek. |
| כּ<br>Kaf<br>(K/Kh) | K | Kyk, vrouens en jong meisies in Juda verkrag. |
| ל<br>Lamed<br>(L) | L | Leiers is gevat en opgehang, oumense nie geag. |
| מ<br>Mem<br>(M) | M | Maalwerk en swaar vragte het jong seuns na onder gedring. |
| נ<br>Nun<br>(N) | N | Nou is daar nie meer ou manne in die poorte of jonges wat sing. |

| | | |
|---|---|---|
| ס Samech (S) | S | Sangers het verdwyn, koordansers rou. |
| ע Ayin (silent) | [O] | Ons het aansien verloor, o die berou! |
| פ Peh (P/F) | P | Pers en swart kringe om ons oë deur droefheid gelaat. |
| צ Tsadeh (Ts) | Sade [Y] | Yl en verlate loop jakkalse deur Sion se straat. |
| ק Qof (Q) | Kof K | Kyk, Ú, Here, U heers vir altyd, u troon staan vas! |
| ר Resh (R) | R | Roep ons verniet, sal U ons vir altyd belas? |
| ש Shin (Sh/S) | S | Sal U weer die ou bestaan gee, ja, U ons tot U bekeer? |
| ת Tav (T) | T | Toorn só groot dat U ons heeltemal verwerp, o Heer? |